



DIE KEKKELBEK



JAARGANG 31

OKTOBER 2011

UITGAWE 5

N U U S B R I E F

KLIPDRAAI

Goeie dag SAWA lid,

Nog 'n maand is alweer verby, nadat ons laas met mekaar gekommunikeer het. Die jaar gaan nou vinnig na die einde se kant toe.

Ons het die 1ste naweek van Oktober by KLIPDRAAI gekamp. – Wat 'n naweek ? Die seisoen se eerste reën het ons begroet, Gepaard met storm sterk wind.

Ons Voorsitter kon die naweek nie saam met ons geniet nie, vanwee verpligtinge elders, maar het vir ons lees stof ingestuur.

VAN DIE VOORSITTER.

Dit klink vir my of ek en Annatjie 'n baie lekker kamp, maar ook 'n erg ontwigde kamp mis geloop het. Ongelukkig kan ons nie die weer voorskryf nie en as ons dit ongelukkig tref moet ons dit maar ook hanteer. Ek is jammer vir die wat skade gelei het en hoop nie dat dit te erg is nie.

Ek en Annatjie het ook in ons tent daar anderkant Warmbad (Bela Bela) onder die weer deurgeloopt en die wind het ons tent twee keer bo op ons plat gedruk.

Aan die Kampkommandante, Francois en Dot asook Henry en Wilma wil ek net van my kant baie dankie sê vir die kamp en alles wat hulle gedoen het. Ek het sover nog net positiewe terug voer gekry.

Ek wil ook aan Francois Ferreira ons opregte dank oordra vir die bus wat hy tot ons beskikking gestel het en dit kosteloos gedoen het. Vir die wat nie weet nie Francois en Karin was oud lede van Vaalrivier en ons werk hard daaraan om hulle terug te kry as lede.

Aan Suzy de Kock van Sunseeker en die Sunseeker Bestuur my opregte dank vir hulle borgskap. Soos ek verstaan was dit uit die boeke.

Ek wil weereens 'n beroep op julle as lede doen om ons te ondersteun. Danie gaan beslis op julle knoppie druk vir Kampkommandante tydens kampe vir die jaar en ek wil vir julle vra om julle self beskikbaar te stel. Ons as bestuur wil nie al die kampe aanbied nie. As jy bang is vir dit wat jy moet doen as Kampkommandant, moet nie verder bekommer nie want ons sal vir hulle die regte leiding en hulp gee. Ons is dringend opsoek na lede wat bereid sal wees om as Kampkommandante tydens die Tuisblyers op te tree. Asseblief mense bied julle hulp aan!

Die program vir 2012 is finaliseer en is reeds ingestuur om in die SAWA Jaarprogram ingesluit te word. Daar mag dalk een of twee veranderinge wees maar dit sal die minimum wees.

Sommige van die oorde vereis nou 'n deposito en ons sal dit moet deurgee aan die lede want ons sal dit nie uit die kas kan doen nie. Daar sal met julle gekommunikeer word in hierdie verband sodra ons bevestiging het.

Ek wil ook graag die lede van Riemland Sateliet ook by ons as Voog Streek te verwelkom. Daar was besluit om julle ook by die verspreiding van die Kekkelbek in te sluit. Ons wil julle dan ook nooi om vir ons insette te stuur oor die gebeure binne julle Sateliet.

Onthou asb om die SAWA weblad te besoek en meer inligting oor SAWA in die algemeen te kry en te sien wat ander streke doen of nie doen nie. (www.sawa.org.za)

Groete, Frans en Annatjie Kloppers.

Vrydag aand was ons as families rustig. Die Kampkommandante vir die naweek rapporteer oor die naweek se verrigtinge, as volg:-

Die naweek was baie winderig maar dit het ons glad nie afgesit nie. Die gevoel van samehorigheid was sommer al vroeg te bespeur. Selfs toe Nasionale dagbestuur opdaag met boekevat was dit asof ou vriende opgedaag het. Ons het ook die voorsitter en ondervoorsitter van Overvaal gehad wat saam kom kamp het terwyl NOVSe voorsitterspaar die oggend kom kuier het. Dit is so asof daar groot winde van veranderinge besig is om deur ons gebied te waai. Dinge is aan die verander, en dit is beslis tot groot voordeel van ons organisasie.

Saterdag het begin met boekevat waarna ons weer n tegniese praatjie gehad het. Die manne het die praatjie geniet en van die Cyclone produkte was ook verkoop. Ongelukkig het dit nie in al die motors gepas nie. Die produk word in jou motor se lugpyp gesit en dan veroorsaak dit 'n "vortex" wat dan meer lug in jou enjin inlaat. Dit veroorsaak beter ontbranding wat dan brandstof spaar. As iemand belangstel om met hulle kontak te maak kan julle Jack Wiid kontak op sy selfoon. Sy nommer is 0832975082 en hy gee 'n 30 dae geld terug waarborg.

Teen 11h00 het die bus opgedaag met die komplimente van Francois Ferreira. Hy is n ou Sawanant wat op die stadium net te besig is om saam met ons te kamp. Hy het nog sy wa en het onderneem om weer te kamp sodra dit begin stil raak. Sy telefoon no is 0827079103 en sy e pos adres is francois@sfbus.co.za indien enige iemand belangstel om van sy dienste te gebruik. Die bus het almal wat belang gestel het geneem na Sunseeker se tak in Vanderbijlpark. Suzie de Kock en haar personeel se monde het oopgehang toe die bus daar stop en ons lede klim daar uit. Sy sê haar hart het "CUSTARD" geklop toe sy besef dit was ons wat daar opdaag. Ons was bederf met lekker gratis worsrolletjies en koeldranke teen R5. Ons het ons R50 geskenkbewyse gebruik en lekker gekoop. Van ons het selfs nog groter afslag gekry. Een van ons lede se balonnetjie het 'n verdere 40% afslag vir hom verseker. Voorwaar 'n heerlike uitstappie.

Die aand se funksie was deur Sunseeker geborg. Hulle het 'n DJ, pakkies vleis, bier en wyn gebring vir almal van ons asook al hul personeel van Sunseeker Vaal en Alberton. Dit was die afsluiting van hulle makietie naweek. Ons het die vure gemaak, Oom Daan die pap en Sondra die sous. Van die bestuur se beter helftes het ook slaai gemaak. Die verrigtinge is afgeskop deur Jurie Dreyer met n beklemtoning van die belangrikheid dat ons moet uitreik na mekaar en verhoudings bou. Hy oorhandig aan Suzie de Kock borde wat Sunseeker Vaal en Alberton n SAWA stempel van Goedkeuring gee.

Na die verrigtinge het ons heerlik gebraai en kuier tot dat die weer ons plesier kortgeknip het. Almal het laat spaander toe die eerste druppels val. Dit is verbasend hoe vinnig 115 mense kan padvat as dit begin reën. Twee minute en daar was niemand oor nie. Die reën het wel ons verrigtinge vir die res van die naweek gekortwiek maar dit is iets waaroor ons nie beheer het. Dit laat ons net weer besef dat ons maar net nietige mense is. Baie dankie aan almal wat gehelp het met die reëlins en ek wil die lede uitdaag om 'n kamp aan te bied. Ek wil hê julle almal moet die ondersteunings netwerk beleef wat in plek is. Dit is ongelooflik. Al is jou idees of konsep nog nie klaar nie, gesels met ons. Jy mag dalk net verbaas wees hoe vinnig dit vorm kry.

Francois en Henry

Die busrit, inkopies by Sunseeker Vanderbijlpark en die aand se braai, was heerlik, baie dankie Sunseeker, ons het dit opreg geniet en waardeur.

Die nag was die wind so sterk dat van die tente in mekaar gesak het, pale gebuig/gebreek en het van die tente in die bome beland. Die Sondag oggend het ons wakker geword met heelike reën. Daar was nie 'n beskutte plek vir Kerk en afsluiting nie. Die wie loodjies gekoop het, dit sal by Malonjeni se kamp, die naweek van 28-29 Oktober 2011 gefinaliseer word.



Tegniese Praatjie



Personeel van Sunseeker Vaal



Busrit vanaf Sunseeker



Suzi de Kock ontvang
SAWA Stempel van Goedkeuring

Hier volg die oordenking wat Henry Hartslië voorberei het vir ons Kerkdiens.

Verhoudings: Lees Filippense : 1: 9-11

Verhoudings speel 'n baie groot rol in alle mense se lewe. Dit bepaal ons lewens kwaliteit. Hoe bou 'n mens verhoudings met

mekaar ??

Deur tyd saam deur te bring en mekaar te leer ken – Dink aan jou vrou / man / verloofde, vriend, vriendin, familie ens.

Hoeveel tyd bring (spandeer) jy saam met hulle deur – Baie ! en dit is baie belangrik. Onthou ons streef na kwaliteit tyd saam met jou geliefdes.

Hoe gaan ons dit reg kry en wat moet ons doen om met almal wat ons teëkom of ons pad kruis 'n verhouding te bou of om mekaar ruimte te gee om ook jouself te wees en gelukkig te lewe met vreugde en vrede.

Eerste : Begin dit met ons elkeen se verhouding met die Here. Die verhouding bou ons deur tyd in gebed asook in die Woord (Bybel) deur te bring, ook deur geestelike aktiwiteite soos bv. kerk toe gaan, bidure, selgroepe ens by te woon. Die Bybel gee vir ons riglyne i.v.m. verhoudings vir gelowiges en Koppel ook beloftes aan gehoorsaamheid. Onthou as ons die Here se wil doen in ons verhoudings met ander mense maak Hy ons vry sodat ons in vrede en liefde met ander asook **jouself** kan saamleef.

God Beloof Om Ons Te Lei - PS 32:8 – Ek wil jou onderig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan. Ek wil raad gee, My oog sal op jou wees.

Johannes 10: 3 & 4 – Hy roep sy eie skape by hulle naam en lei hulle, Hy loop voor hulle uit en hulle volg Hom omdat Hulle sy stem **Ken**.

Is ons verhouding met die Here so dat ons sy stem **ken** sodat ons hom kan volg.

Levitikus 26: 46 – Verhouding met God. Wette wat die Here vir Moses gegee het op Sinaiberg oor verhouding tussen die Here en die Israeliete.

Jakobus 3: 17-18 – Wysheid wat van bo kom is sonder bybedoelings, is vredeliewend, insiklik, bedagsaam. Vol medelye, vol vrug en onpartydig en opreg – Die wysheid bring jou in die regte verhouding met God en ons moet dit gebruik.

Gaan lees 1 Tesalonisense 5: 12-13 – Erken die mense wat onder julle werk en julle in opdrag van die Here lei en tereg wys. Die Here gee aan ons elkeen die opdrag met belofte van seën as ons eengesind, medelydend, liefdevol, goedhartig en nederig lewe. Lees Petrus 3: 8-9.

Ek glo dat ons almal geseënd will wees, laat ons dan begin deur ons verhouding met die Here en dan sal hy ons lei om ons ander verhouding te leef volgens sy woord.

Gebed : Vader ons bely ons afhanklikheid van U en vra dat U ons sal lei in ons verhouding met U en met ander soos U woord ons beveel sodat ons U seën kan ontvang soos in U woord belowe

JEUG EN KLEUTERS

Ons Jeug ouers is volstoom besig om ons Jeug/kleuters weer uittelug. Daar was Vrydag aand die aller pragtigste Kameelperdjie met sy komersie gewees waarop die Jeug en selfs die ouers loodjies geneem het. Die reaksie was oorweldigend. Dankie Francois vir die skenking.

Ons Vark is ook die naweek gebore, sy naam is toe KLIPPIES. 'n Beroep word gedoen op almal, waar jy hierdie groen vark sien staan, vra hy vir donasies. Alle donasies en gelde wat ingesamel word, gaan in die Jeug Fonds rekening gespaar word vir die Kersboom van 2012.

Die Snoepie het ook weer begin. Die reaksie was goed. Daar gaan voortaan 'n oranje vlag by die Jeug ouers se wa wees wat sal aandui waar die snoepie is, en waar die Jeug sondag oggende om 8h30 bymekaar kom vir kategete (sondagskool/kinderkerk). U kind sal 'n bewys ontvang as hy die klas bygewoon het, wat hy dan weer by sy gemeente kan indien as bevestiging.

Die Tentkruiper plaadjies is ook weer ingestel. Die kinders wat daarvoor wil kwalifiseer moet in 'n los staande tentjie slaap op dieselfde staanplek as die ouers se wa. Hierdie Tentkruiper plaadjies is verkrygbaar tydens betaaltyd teen R5. Vra net vir die sekretaresse, Sondra Koekemoer.

Ons Kersboom is die naweek van 3-4 Desember 2011 te Bloekompoort. RSVP asseblief u kind se teenwoordigheid voor die 7de November. Die wie maatjies/ kleinkinders wil saambring, is meer as welkom. Ons vra net asseblief dat ek van hulle moet weet voor die RSVP datum. Koste is R50 per kind wie se ouers nie lede van Streek Vaalrivier is nie. Dit is betaalbaar op 2 Desember tydens betaal tyd. Ons gaan dieselfde Vrydag aand Hotdogs aan almal verskaf. Dit sal gratis wees, KLIPPIES vra net 'n donasie asseblief. Ek wil asseblief 'n beroep op die Jeug en ouers doen, om ons hier te kom help. Na die Hotdog ete gaan ons die Kersboom versier. Almal wat kersversierings het wat nie meer gebruik word nie, bring dit asseblief saam.

Sondag Oggend gaan ons 'n onvergeetlike Kerssang diens hou. Asseblief kinders en ouers wees daar en word deel daarvan.

Ek wil vir almal wat nou eksamen gaan skryf, sê, baie sterkte, mag dit goed gaan, vertrou op Hom wie jou krag en wysheid sal gee om jou kennis te kan weergee.

Vir enige vrae, onduidelikhede, voorstelle en RSVP, kontak my asseblief, Ernst Marais, by 082 897 6152 of e pos by emarais@randwater.co.za

RIEMLAND SATELIET het by ons streek aansoek gedoen om voog skap. Hierdie aansoek is tydens die NUB vergadering in Augustus 2011 goedgekeur, en is hulle nou deel van ons. Hierdie sateliet sluit in Bethlehem, Frankfort, Reitz, Tweeling en Vrede in Mnr. Attie Meintjies, die Sekretaris het vir ons die volgende leesstof saamgestel en wil dit graag met ons deel:-

Van die sekretaris se oor

Die OOR hoor dat Riemland by Meiringskloof, Fouriesburg, 'n baie aangename kamp gehad het. Ons het lank gewag vir n naweek waar die weer lekker warm en droog sou wees. Teen Vrydag aand die 23 September was die meeste van ons al daar, vasberade om 'n lekker naweek te hê. Frik en Henne kon eers Saterdag deurkom, maar dit het ook voordele, die hele kamp was bereid om hulle by te staan en gou gou was almal gelukkig.

Die gaste vir die naweek was Attie en Lilian se kinders wat met hulle eie tente daar kom kamp het. Ons het saam met Mike die kloof gaan verken. Dit is werklik 'n baie mooi plek. Die hele groepie, behalwe ek, kon die ketting leer uitklim en bo op die berg gaan rondloop. Selfs die twee kleinseuns is daar uit en met die langer pad terug gekom. Seun Chris het met sy motorfiets gekom en het 'n uitsonderlike fiets-tentjie gehad wat aan die fiets se een kant vaskom. Dit is net groot genoeg vir 'n slaapsak.

Baie geluk aan Mike met sy nuwe Isuzu bakkie. (Hy is die enigste ou in die wêreld wat sy bakkie afgeskryf het nadat hy stilgehou het en uitgeklim het. 'n Beestrok wat langs hom gestop het, het omgekantel toe die vrag beeste gegly en aan die een kant gebondel het!) Eina Mike! Ons weet dat hy jou baie vreugde gaan bring.!

Ons Kersnaweek is verskuif van die Vrydag 25 November na die naweek van 2 Desember 2011 daar by Frankfort. Ons nooi u almal uit om saam te kom kamp.



Bennie en Boeta sê hulle kên.



Die frons op Attie se gesig
is die feit dat hy weet een van
die dae is hy op die punt!



Die Groot Holkrans



Die klipgeut se mure raak amper
aan mekaar

LIEF EN LEED

Baie geluk aan almal wat verjaardae, en of huweliksherdenkings gevier het, of enige blye gebeurtenis beleef het.

Baie sterkte aan die wat deur diepwaters moes loop, wat harseer en pyn beleef het – ons dink veral aan:-

Ansa en Wilkie Wilken wat hul skoonseun aan die dood afgestaan het.

Ansa se moeder het geval en sterk aan.

Muller du Plessis (oom Duppie) gaan 13 Oktober vir 'n katarak verwydering. – sterkte oom Duppie !

Hannetjie Boshoff – ontvang tans chemo terapie – baie sterkte !

KAMPE VIR 2012

Hierdie kampe is gefinaliseer en sal in die 2012 Jaarprogram verskyn. Geliewe daarop te let dat die bywoning van die kampe vir meriete toekenning strek van AJV tot AJV. Van al die kampe moet daar 8 bygewoon word om te kwalifiseer vir 100% bywoning, 7 vir 90 % bywoning en 6 vir 80% bywoning. DIE KAMPE IS AS VOLG:-

- | | | |
|----------------------------------|---|---------------|
| 1. AJV te Bloekompoort gedurende | - | Augustus 2011 |
| 2. Klipdraai gedurende | - | Oktober 2011 |

- | | |
|---|----------------|
| 3. Malonjeni Gebiedskamp gedurende - | November 2011 |
| 4. Kersboom te Bloekompoort gedurende - | Desember 2011 |
| 5. Visvang te Frankfort gedurende - | Januarie 2012 |
| 6. Musiekfees te Koppiesol gedurende - | Februarie 2012 |
| 7. Eastco Magalies gedurende - | Julie 2012 |
| 8. AJV te Bloekompoort gedurende - | Augustus 2012 |

WEGBREKERS – Frans en Annatjie Kloppers beplan'n wegbrekers na Weesgerus te Nylstroom gedurende Junie 2012. Kontak hul gerus vir meer besonderhede by 082 336 7009 of by voorsitter.streekvaalrivier@gmail.com

'N KRUGER WILDTUIN TOER – word beplan deur Ernst en Ina Marais vanaf 29 September 2012 tot 7 Oktober 2012.

Die kostes beloop, voorlopig, R165.00 per nag, per wa, vir 4 persone.

Die voorlopige program is:-

- Vertrek 29 September 2012 vanaf Vereeniging, ons gaan oornag
- 30 September 2012 kom in Wildtuin aan en slaan kamp op by Skukuza of Laer Sabie en ry daaglik hiervan daan.
- Vertrek 6 Oktober 2012 terug en oornag
- Kom tuis 7 Oktober 2012.

Maak asseblief kontak met Ernst of Ina om u naam op die besprekingslys te kry. So gou as moontlik. Sodra hul getalle het, kan daar beding word met San Parke vir 'n moontlike beter prys. Kontak besonderhede – Ernst 082 897 6152 of by emarais@randwater.co.za

Ons volgende kamp is by Malonjeni die naweek van 29-30 Oktober 2011. Hierdie is 'n Gebiedskamp en Overvaal is die Kampkommandante.

Sien julle daar

Groete,. Ina (Redaksie)

Sel. 084 519 6293

e-pos imarais58@gmail.com

NS. Alle bydraes vir November se Kekkelbek moet my asseblief nie later as 2 November bereik nie.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG(E) WAT HIERDIE UITGAWE VIR ONS MOONTLIK GEMAAK HET.

